"Be a light in the dark world, for Jesus!"

HEY!

HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

**Helderberg Natuurreservaat 24 Nov 2017**



## Beste ouers: Wat wou ons bereik met uitreik ?



**1.UT PROSIM is Beaumont se leuse en om te dien is wat die gr1 tot 3's vandag graag wou doen!**

**2.Die sowat 101 kinders na wie uitgereik is, is van Rustenhofplaas, Croydon, Babbel en Krabbel en ook 30 kinders van Hope&light skool** Die Beaumont maats het spontaan omgegee vir die klein maatjies en omgesien na hul behoeftes. Dit was heerlik dat die hoofde van Beaumont en Hope&light kom inloer het.



**3.Liedjies** is gesing en "Omgedop" van Erich Posthmus en "making melodies in my heart" was treffers hierdie jaar!

4.Die **"anti-boelie" Bybel toneeltjie** is gedoen deur Somarie, Helga, Christine, Natasha en myself. Die realiteit is dat ons daagliks baie gevalle vind waar kinders geboelie word. Ons wil graag hê dat kinders toegerus moet word en besef dat hulle moet glo wat God van hulle dink en nie ander se lelike woorde of afknouery glo nie. Ons lees in die Bybel: **"U is my skuilplek en my skild; op U woord wag ek." PSALM 119:114**. Ons moet God as "skild" gebruik om ons hart te beskerm teen woorde en gedrag van ander



wat soos "swaarde" ons harte wil deurboor! Die kinders hoor dat hulle moet glo wat God in Sy Woord van hulle sê: **"I will praise You, for I am fearfully and wonderfully made…. Psalm139:14 "Ek loof U omdat U my so besonder wonderlik gemaak het…"** Bid asb saam dat kinders die waarhede sal onthou en uitleef! **5.**Almal het lekker **saamgekuier, gespeel** en pakkies, kunstig versier deur die Beaumont kinders, is uitgedeel.

**DANKIE VIR ELK SE BYDRAE VIR GESKENKE en hulp met vervoer - DIT WORD WAARDEER!** **Sien bl 2 vir fotos**

**Bid asb vir jou kind en bediening.Groete Celeste Steinmann 082 322 5299 of celeste@hey.org.za**



"Be a light in the dark world, for Jesus!"

HEY!

HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES













